Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
16 Desember 1968

Onderwerp: Geloftedag

Lees: Rigters 6 verse 1 tot 24

Teks: Rigters 6 verse 14 en 21

Sing: Psalm 25 verse 2 en 10
Gesang 172 verse 1, 2 en 3
Gesang 31 verse 1, 2 en 3

"Die stryd by Bloedrivier was 'n worstelstryd. In die halflig van 'n somersmôre het dit ontbrand en na slegs twee ure het daar reeds lig opgegaan vir 'n nuwe volk. Die fakkel van beskawing het hoog gevlam en die barbarisme moes wyk. Dit was 'n hoogtepunt in ons geskiedenis.

"Maar vra ons, was dit al? Was dit slegs 'n heldedaad? Was dit enkel 'n daad van volksbelang?

"Nee, volstrek nie, antwoord die Godsvrugtige Afrikaners. Agter Bloedrivier skuil 'n wonder - 'n roeping. Die Kerk van Jesus Christus was op die spel.

"'n Jongman het onder 'n terpentynboom by Ofra in Palestina gestaan. Hy was besig om koring uit te slaan. Dit opsigself was niks besonders nie. Hy was besig met 'n roetineplig wat hy moes vervul. Maar toe het daar onverwags 'n wandelaar verskyn en toe dié person begin praat, het Gideon besef dat daar iets bonatuurliks was.

"'Die HERE is met jou, dapper held!' Dit was 'n buitengewone manier waarop dié gesprek begin het. Waarlik, dit was op die minste 'n Hemelse boodskapper aan die woord. Uiteindelik moes Gideon tot die ontdekking kom dat dit veel meer as die Engel van God was. Dit was die HERE self wat met hom gepraat het.

"Wat Gideon as ete voorgesit het, het die Engel met Goddelike vuur aan die brand gesteek en as 'n offer van Gideon aangeneem.

"God wou vir sy volk Israel, wat gesug het onder die juk van die Medianiete, 'n Bevryder wees. Daarom het Hy beloof om saam op te trek teen die vyand: 'Ek sal met jou wees'. Gideon en sy manne moes opruk teen Midian, maar God het self die stryd volstry. Die manskappe is derhalwe gesuiwer. Alle lafhartiges en halfhartiges moes tuis bly. Net 300 teen 22,000 het

oorgebly. God het die ander nie nodig gehad nie. God kan nie lafhartiges in die stryd gebruik nie.

“Die 300 het self nie nodig gehad om te stry nie. God het dit vir hulle gedoen. Dit was voorwaar ’n wonder van God. Daar was geen swaardgevegte nie; net ’n droom in die vyand se tent; geblaas op ramshorings; die breek van kruike en swaaiende fakkels. Dit was vir God genoeg om die vyand ’n nederlaag toe te dien.

“Die wonder van Bloedrivier het reeds ’n week tevore by Danskraal begin. Sondige opgeblase mense sou sê daar het eintlik niks gebeur nie. Net maar ’n man op ’n kanonwa, wat ’n klompie woorde in die lug geprewel het en ’n klompie nederige stryders rondom hom. Geen sensasie nie.

“Maar die Gideonsgeslag, die gelowige Afrikaners, weet beter. Die God van ons vaders is ’n God met ’n wonderdoende hand.

“Sarel Cilliers het dae voor Bloedrivier gesê: “n saak wat sonder God begin word, word verydel.’ Toe Rigters 6 verse 1 tot 24 gelees is en Sarel Cilliers dit toegepas het, het God vanuit die Hemel tot die brose mens gespreek. Toe daar uit Psalm 18 verse 12 en 20 gesing is en daar smekend tot God geroep is; en ’n Gelofte met die erns van hul siel gemaak is, was die Engel van God daar. Hulle was verseker van God se belofte: ‘Die HERE is met jou, dapper held.’ Broers en Susters, God is ’n waarmaker van sy Woord.

“Hordes het die Boere se laer omsluit, om met hulle daardie nag klaar te speel. Maar die ligte van swaaiende lanterns bokant die waens, het hulle vir towerligte aangesien. Dit het vrees by hulle ingeboesem, sodat hulle eers met dagbreek aangeval het.

“Voorlaaierskote het geklink soos brekende erdekruike en in die skemerlig het die kanonne fakkelvuur gemaak. Agter dit alles was die onwrikbare geloofsvertroue: ‘… met U loop ek ’n bende storm, en met my God spring ek oor ’n muur.’ (Ps 18:30) ‘Hy leer my hande om oorlog te voer … Ook het U my die skild van u uitredding gegee, en u regterhand het my ondersteun’. (Ps 30: 35,36)

“By Bloedrivier het ’n wonder van God gebeur. Daarom bly die datum vir ons ’n dankdag, ’n Sabbat en nie bloot ’n piekniekdag of openbare vakansiedag nie. Daarom is dit vir ons Geloftedag en nie Dingaansdag nie. Politieke- en geskiedkundige toesprake mag nie hierdie Erediens, Dankdiens en Wydingsdiens vervang nie.

“Die opdrag van die Engel van die HERE aan Gideon was: ‘Gaan … en verlos Israel uit die hand van die Midianiete.’ (Rig 6:14) Met ’n volk wat deur die vyand verarm en uitgeput was, moes hy opruk. Hyself was uit die swakste geslag van Manasse en persoonlik die geringste in sy familie. Nogtans is hierdie nietige en geringste gestuur as Rigter vir sy volk. Hy moes vir die reg van sy volk intree. Hy mag nie gesteun het op die oormag van menslike krag nie. Slegs 300 wat deur die HERE gekeur en waardig geag is, het saam met Gideon hierdie roeping ontvang. Hulle het as medewerkers van die Verlosser opgetrek om hulle volk te bevry.

“God roep mense om sy Koninkryk op aarde uit te brei; om sy Kerk te bewaar teen die sondemag en om die uitverkorenes te help verlos. En hiermee moes die ware 300 verbondskinders help.

“Netso het God hierdie verarmde en uitgeputte handjievol trekkers gebruik en hulle tot hierdie verhewe taak geroep ter wille van die Kerk van Jesus Christus. Alhoewel hulle persoonlik miskien onbewus was daarvan, is dié roeping sterk aangevoel in die Danskraal gelofte. Daarom het hulle ondermeer aan God beloof om ’n kerk te bou, ’n Geloftekerkie. Dit was ’n sigbare teken dat hulle die geestelike liggaam van Jesus Christus suiwer sou bewaar. Dit was ’n kerk as teken van oorwinning oor die heidendom; ’n kerk as belofte dat die stryd teen die geestelike Dingaan sou voortgaan.

“Broers en Susters, die stryd gaan voort. Dit is wel nie meer teen Medianiete en Dingaan nie, maar tog teen nét so ’n oorweldigende mag - die mag van die Duisternis. Dit is nie meer ’n stryd teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug. Broers en Susters, hierin moet ons geestelike Rigters wees.

“Die roeping van Bloedrivier is: hier is jou God.

“Staan ons elke dag voor die Verlosser met die heilige offer van ons lewe? Leef ons elke dag volgens die eise van God se Woord? Het ons in hierdie stryd die moed en geloofsvertroue van Sarel Cilliers? Kan ons die swaard van die Gees hanteer? Is daar ook die onverskrokkenheid en heldemoed om ongeag die prys en teenkanting, God se naam te beskerm en elke dag aan die wêreld te verkondig?

“Of hoort ons by die halfhartiges?

“Amen.”

Kommentaar:

Daar is ook ’n boodskap vir die ander bevolkings van Suid-Afrika in Bloedrivier. Dit is: hier is julle God!

Gelofte

Die Gelofte van Bloedrivier is die eerste keer gedoen op 9 Desember 1838 voor die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838. Dit het gelui:

“My broeders en medelandgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om ’n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as ’n dankdag, soos ’n sabbat sal deurbring; en dat ons ’n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en eer van die oorwinning aan Hom te gee.”

Bloedrivier

Die slag van Bloedrivier is voorafgegaan deur onderhandelings tussen die Trekkerleier, Piet Retief, en die Zoeloe-koning, Dingaan. Daar is ooreengekom dat die grondgebied tussen die Tugela en Umsimvubu riviere aan Retief afgestaan sou word, as Retief vee wat Sikonyela, ’n Swart-opperhoof geroof het, terugneem en aan Dingaan terugbesorg. Nadat Retief dit gedoen het, is hy en 100 ruiters op 3 Februarie 1838 op verraderlike wyse by die Zoeloe hoofstad, Ungungundlovu, deur Dingaan oorrompel en vermoor.

Dingaan het daarna op 17 Februarie 1838 die Boere-laers by Bloukrans en Boesmansrivier uitgewis. Bykans 300 blankes en 200 nie-blanke bediendes is vermoor.

Hierna was daar etlike mislukte optredes teen Dingaan, waarna Andries Pretorius as leier aangewys is. Prof. C. F. J. Muller skryf:

“Twee dae nadat hy op 25 November as kommandant-generaal aangewys is, het hy sy ruitermag met ossewaens na Zoeloeland uitgelei, waar hy op 15 Desember met fyn taktiek sy versterkte walaer tussen ’n diep plek in ’n sytak van die Buffelsrivier (die latere

Bloedrivier) en ’n donga getrek het. Die verdedigers het bestaan uit sowat 470 man (versterk deur Britse setlaars met Bantoe-volgelinge), en teen hul vuurkrag uit geweer- en ’n paar klein kanonlope het die heldemoed van assegaai- en skilddraende Zoeloes, wat op sowat 12,500 geskat kan word, hulle te pletter geloop.” Na die slag is meer as 3000 Zoeloe lyke gevind. (Muller p. 139 e.v.) Daar was geen lewensverlies onder Andries Pretorius se mense nie.

Volk

Dominee Bester gebruik die woord *volk* - wat tans ’n negatiewe konnotasie het. Dit is die gevolg van sielkundige oorlogvoering deur Nuwe Wêreldorde voorstanders wat ’n amorfe identiteitslose mensemassa deur vermenging tot stand wil bring, wat nie sal kan saamstaan teen die Nuwe Wêreldorde nie.

Hou ingedagte dat God self volke geskep het met die spraakverwarring by Babel, juis om Satan se plan om die wêreld te beheer te verydel.

BIBLIOGRAFIE

Muller, Prof. C. F. J. *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Tweede Druk. Pretoria en Kaapstad: Academica, 1969.